Beste Gemeentelid!



Tesame met hierdie pamflet kan jy die nuutste Welgelegener aflaai wat jou 'n kort oorsig sal gee van wat die afgelope paar maande hier by die kerk gebeur het. Ons volgende groot geleentheid is die **Lentefees** op Saterdag **12 September 2026.** Ons sien vreeslik uit na die kuier, spanwerk en samesyn!

Ons skop die dag af met 'n **Lenteloop** hier vanaf die kerk se parkeerterrein om 08:30. Die stappie in Dalsig en 'n stukkie in die berg sal ongeveer 'n uur duur. Verkope by die tafels open rondom 09:30 en om 13:00 behoort die potjiekos reg te wees vir opskep. Ons braai ook vleis en wors vir dié wat nie van potjiekos hou nie en daar is vanjaar ook weer 'n spitbraai.

**Hoe kan jy vooraf betrokke raak?** Skakel met die betrokke konvenor (sien elkeen se kontakbesonderhede onderaan), laat weet jou dienswerker of skakel die kerkkantoor. Die lys van benodigdhede vir die onderskeie tafels, sowel as waar hulp baie welkom sal wees, is hiernaas op die pamflet. Bestanddele en skenkings kan vooraf by die kerkkantoor afgegee word. Kontant-, kaart- en eft-betalings is ook baie welkom - die inligting daarvoor is ook op die pamflet.

Ons sien uit na 'n heerlike dag saam met jou! Nooi jou bure, vriende, kollegas, familie en skoonfamilie om saam te kuier!
Vriendelike groete van die Lentefees-span!

| Tafel | Konvenor | Selfoon | E-pos |
|---|---|---|---|
| Boereworsrolle | Wouter van den Heever | 082 573 1246 | wouter.vandenheever@heineken.com |
| Braaivleis | Sas Otto | 082 771 5635 | sasotto@cybersmart.co.za |
| Gebak | Linda Koetsier | 083 683 1858 | lindakoetsier25@gmail.com |
| Handwerk | Annaleen Steytler | 082 346 8200 | annaleensteytler@gmail.com |
| Jaffles | Mien-Marie Groeneveld | 083 453 3878 | mienmariegroeneveld11@gmail.com |
| Kerrie & Rys | Valencia Josephs | 069 191 7993 | valenciajosephs91@gmail.com |
| Kinder | Colette Walters | 082 879 0562 | colettewalters98@gmail.com |
| Koffie & Koek | Hannelie Groenewald & Maria Mouton | 083 522 3948<br>072 376 7241 | hannelieg8@gmail.com<br>mariamouton0@gmail.com |
| Pannekoek | Nicola Otto | 079 541 2467 | nicolaotto25@gmail.com |
| Plaas | Christelle Otto | 082 401 4936 | skriba@stelwel.co.za |
| Poeding | Rina van den Heever | 082 564 5095 | rinavdheever1@gmail.com |
| Potjiekos | Mike Reynolds | 083 266 1949 | mike@mjrconsult.co.za |
| Spitbraai | Hannes Bellingan | 079 878 6991 | hannes@bellform.co.za |
| Speletjies | Elzanne vd Westhuizen | 074 144 9226 | elzanne@stelwel.co.za |
| Tombola | Dalene de Beer &<br>Marisa van Onselen | 083 660 2660<br>078 264 7653 | debeer.dalene@gmail.com<br>marisa.skinroom@gmail.com |
| Wit Olifante | Pieter & Laetitia Fick | 083 225 4889 | fickpd@gmail.com |
| Wyn | Johan van der Merwe &<br>Nadia Marais | 082 453 5793<br>079 697 3386 | johan.sarietjie@gmail.com<br>nadiam@sun.ac.za |

## Wat kan ek skenk?

⇒ **Tombola**-geskenke geskik vir kinders tot 12 jaar oud soos inkleurboeke, kryte, penne, leesboekies, notaboekies, speelgoed, haarrekkies, lyfrome, lekkers, balle ... **enige iets wat kinderharte bly maak!**
⇒ Botter, kondensmelk, lekkers en soetgebak vir die **kindertafel** asook blikkies/ botteltjies koeldrank, water en ystee.
⇒ Filterkoffie, koeke, terte (soet en sout) en handtertjies vir die **koffie & koek.**
⇒ Koeke, terte, koeksisters, kleinkoekies, beskuit, brode en pasteie vir die **brood, beskuit & gebak.**
⇒ Aangemaakte pannekoekdeeg vir **100 pannekoeke**, asook meel, suiker, eiers en olie.
⇒ Koue en warm poedings vir die **poedingtafel**, asook vla.
⇒ Handgemaakte kaartjies, popklere, poppe, brei- en hekelwerk, speelgoed & houtware en naaldwerkitems vir die **handwerktafel.**
⇒ Heel, skoon en bruikbare huishoudelike artikels soos boeke, speelgoed en snuffel-items vir die **wit olifante.**
⇒ Topside maalvleis, gemengde groente, aartappels, uie en rys vir **kerrie & rys**.
⇒ Topside maalvleis, witbrood (groot-sny Albany's), margarien en tamatiesous vir die **jaffles.**
⇒ **Potjieskos** (dit moet genoeg wees vir 12 mense) om hier by die kerk te maak.
⇒ Aartappelslaai en koolslaai om saam met die **braaivleis** te bedien en baba-aartappels & uitjies en noedelslaai om saam met die **spitbraai** te bedien.
⇒ Borge om die toerusting vir **speletjies** te huur (soos springkastele en *hamsterballs).*

## Hoe kan ek help?

* Hulp met **verkope by enige van die tafels en bemanning by die speletjies**
* Ons het ook altyd hulp nodig met die **aanry van produkte en skenkings.**
* Jy kan **vooraf kom help om die maalvleis vir die jaffles te maak en brood te smeer.**
* **Bak dat dit klap aan die tuisgebak by die huis** (sodat die gebaktafel kan kreun)!
* Ons het altyd hulp in die kombuis nodig met die **was van skottelgoed** en **opruiming**.
* Kom help met die **braai van vleis en wors** (en raadgee by die potjiekos...).
* Bak **pannekoeke (tuis en by die kerk) of kom help om op te rol en te verkoop**.
* Help om tuis **kerrie en rys vooraf te kook**.

**Skakel die kerkkantoor by 021 886 5975 of stuur 'n e-pos aan skriba@stelwel.co.za, kontak die konvenor of laat weet jou dienswerker wat jy wil skenk en waar ons jou kan indeel.**

STELLENBOSCH
WELGELEGEN
NG Gemeente

GEROEP
GEWILLIG
GESTUUR

Snap here to pay

**EFT-BYDRAES is welkom!**
**Bankbesonderhede:** Nedbank Stellenbosch
NG Kerk Stellenbosch-Welgelegen
Rekeningnommer: 149 804 6320
Takkode: 149 821 / 198 765
Verwysing: Lentefees + Naam & Van
E-pos bewys van betaling aan kassier@stelwel.co.za
**SNAPSCAN & kaartbetalings ook welkom!**

KOM HOU SAAM MET ONS

# LENTEFEES!

## 12 SEPTEMBER 2026



PRG en PRG-oldboys gaan sorg vir lekker musiek!



Begin met 'n Lenteloop in Dalsig om 08:30.
Troeteldiere aan leibande is welkom!

NGK Stellenbosch-Welgelegen
Buitekringweg 6, Dalsig

KOFFIE, KOEK, JAFFLES, KERRIE & RYS, POEDING, PANNEKOEK, BESKUIT, BOEREWORSROLLE, KONFYT, PASTEIE, WORS & VLEIS, HEUNING, GROENTE & VRUGTE, BLOMME, WIT OLIFANTE, HANDWERK, BRAAIVLEIS, SPITBRAAI, POTJIEKOS, SPELETJIES, LEKKERGOED, TOMBOLA!

NAVRAE: 021 886 5975






## Oud en jonk is welkom!

# KOM KUIER SAAM!

VERKOPE VAN 09:30 TOT 13:00